

Woensdag 4 Julie

Skrifgedeelte: Eksodus 20

Fokusgedeelte: Eksodus 20:3;  
Heidelbergse Kategismus 34:95

## God alleen mag my lewe beheers

Mense dink oor die algemeen dat hulle nie te sleg vaar met die eerste gebod nie. Mense sien jouself baie ander gebooi oortree, maar met afgodery (so dink mens) hou jy jouself darem nie op nie!

Daarom is dit belangrik om die definisie van afgodery te oordink: *'n Afgod is enigiets wat jy in die plek van God het of uitdink waarop jy jou vertrou stel.* 'n Mens kan dit ook andersom stel: *Dit waarop jy jou vertrou stel, dit is jou god!*

As mens so daarvoor dink, kan mens nie anders nie as om deur hierdie eerste gebod aangespreek te voel nie. Want hoewel daar geen afgodsbeeldjie in my huis is nie, is daar nog soveel afgode in my lewe! Soveel dinge waarop ek dikwels meer vertrou as op die Here. Soveel dinge wat my lewe beheers! Dit kan enigiets wees en dit verskil dikwels van mens tot mens:

- my geld/pensioenfonds/eiendom/beleggings
- my ouers/familie/kinders
- my werk
- my gawes/talente

Daar is niks in die ganse skepping wat my lewe mag beheers nie. God alleen mag my lewe deur sy Woord en Gees beheers. Voor geen ding in die skepping wyd mag ek kniel nie – want ek is die kroon van die skepping! Ek moet oor die skepping heers, ek moenie dat die skepping oor my heers nie! Ek moet oor my geld heers, my geld moenie oor my heers nie!

Daar is net Een voor Wie ek waarlik in aanbidding kniel – Hy wat my as die kroon van die skepping gemaak het – die Vader van ons Here Jesus Christus. Op Hom vertrou ek só dat ek in teespoed geduldig en in voorspoed dankbaar is.

*Sing: Psalm 18-1:1, 4*

*Ds. PGP (Pieter) le Roux (Derdepoort)*